SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 16 AUGUSTUS 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL HF DIGITALE KOMPETISIE VANMIDDAG

DIE 2020 IARU STREEK 1 ALGEMENE KONFERENSIE

en

NUWE BAKEN TEGNOLOGIE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin vanoggend die bulletin met die nuus van twee stil sleutels:

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Geoff Levey, ZS6C om 06:50 op Dinsdag 11 Augustus 2020 stil geword het na 'n lang stryd in Intensiewe sorg eenheid nadat hy COVID op gedoen het. Geoff was 'n voormalige President van die SARL (2014) en het op die Raad gedien as die HF en Kompetisie Bestuurder as ook Kantoor Bestuurder. Hy het die SARL verteenwoordig op die IARU-Streek 1 Konferensie in Sun City in 2011 en in Albena, Bulgarye in 2014. Geoff was die voorsitter van die Wesrand ARK. Ons betuig ons innige meegevoel aan sy vrou Sharon, ZS6RRL, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Doep du Plessis ZS6PGA stil geword het op 20 Julie 2020. Doep was n lid van die EARS WhatsApp groep en 'n eks lid van die Kemptonpark Amateur Radio Tegniese Vereniging (KARTS). Ons betuig ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE SARL HF DIGITALE KOMPETISIE VANMIDDAG

Die doel van die SARL HF Kompetisies is dat deelnemers soveel as moontlik amateurs in Suider-Afrika op die 20, 40 en 80 m amateur bande kontak. Vanmiddag van 14:00 tot 17:00 UTC, kan jy deelneem aan die HF Digitale Kompetisie en enige HF digitale modus gebruik. Die kompetisie komitee is bewus daarvan dat die frekwensie van sekere digitale modusse nie deur die gebruiker verander

kan word nie en dat dit buite die digitale toe wysing van die Streek 1 40 m band plan val, maar jy is welkom om hulle te gebruik. Die uitruiling is 'n RSQ-verslag en 'n reeksnommer vanaf 001. Jy kan dieselfde stasie een keer per modus per band kontak.

Elke QSO tel 1 punt. Elke roep area (8) wat per band gewerk word, tel 2 punte. Dieselfde stasie wat op 80, 40 en 20 meter gewerk word tel 2 punte. Dien jou ADIF of Cabrillo in met 'n opsommings blad of maak gebruik van die aflaaibare MS Excel-logstaat wat die opsommings blad bevat. Die Logstate moet die kompetisie komitee by zs4bfn@mweb.co.za bereik teen nie later nie as 23:59 SAT op Sondag 23 Augustus 2020. Raadpleeg bladsy 35 van die 2020 Blouboek vir die reëls. Moenie enige PDF-dokumente indien nie.

SLUIT AAN BY DIE SATELLIETE WÊRELD MET DIE AMSATSA RUIMTE SIMPOSIUM

Brei jou amateur radio-ervaring uit deur die AMSATSA 2020 Ruimte Simposium aanlyn op Saterdag 22 Augustus 2020 van 10:00 tot 15:00 SAT by te woon. Die program het iets vir die nuweling en die ervare radio amateur. Een van die hoogtepunte is 'n aanbieding deur Gary Immelman, ZS6YI oor digitale amateur televisie op Qatar Oscar 100. AMSAT Noord-Amerika se Burns Fisher sal inligting deel oor die opstel van 'n telemetrie-stasie en die nuwe GOLF-program. Leer saam met Tom van den Bon, ZR6TG oor Satnogs en kom vinnige op hoogte met die AMSAT SA AfriCUBE-span en die ontwikkeling van die SDR-transponder. Die volledige program is beskikbaar op www.amsatsa.org.za.

Jy kan die registrasievorm aflaai en met EFT of met 'n kredietkaart betaal deur op die 'paynow' knoppie op die AMSAT SA webblad te klik. Die registrasie fooi is R50 vir SARL en AMSAT SA lede en R100 vir nie-lede en deelnemers uit ander lande. Die registrasie sluit Vrydag 21 Augustus om 12:00. Studente woon gratis by deur die registrasie vorm in te vul en hul studente nommer of naam van die onderwys inrigting wat hulle bywoon in te voer. Gedurende volgende week sal geregistreerde afgevaardigdes die konferensie kode ontvang. Die konferensie word aangebied op BlueJeans wat gratis afgelaai kan word.

DIE 2020 IARU STREEK 1 ALGEMENE KONFERENSIE

Die IARU Streek 1 Algemene Konferensie moes op Sondag 11 Oktober in Novi Sad in Serwië begin het. Na aanleiding van die reis beperkings en gesondheidskwessies wat deur die COVID-pandemie veroorsaak is, het die Uitvoerende Komitee van Streek 1 besluit om 'n Virtuele Algemene Konferensie van 11 tot 16 Oktober te hou en dan vroeg in 2021 om 'n aangesig tot aangesig werkswinkel te hou.

Die Referate vir die Virtuele Algemene Konferensie is beskikbaar op https://r1papers.wordpress.com/. Die Referate is vir Komitee 3 - Administrasie; Komitee 4 - die Permanente HF-komitee; Komitee 5 - die Permanente BHF, UHF en Mikrogolf Komitee en Komitee 7 - die EMV komitee. Referate vir

Komitee 2 - Geloofsbriewe en Finansies sal per e-pos aan die Hoof van die Afvaardiging gestuur word.

Die Referate wat handel oor WRC-23 en Spektrum is C3_08, 08A, 10 en 28. Nood kommunikasie Referate is C3_11; C4_06 en C5_13. Die Jeug verslag is C3_07 en IARU-moniterings diens is C4_02, 03 en 08. C3_20 is die SARL Referaat wat 'n Tegnologie-werkgroep voorstel.

Daar is twee Referate vir die GG-entoesiaste - C4_09 en 10, terwyl C4_11 kyk na die harmonisering van die HF-band plan. Die BHF-band plan word bespreek in Referate C5_05, 08, 10, 11 en 15 tot 21. Referaat C7_03 is die SARL se Geraas moniterings projek wat saam met al die C7 Referate gelees moet word.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

NUWE BAKEN TEGNOLOGIE

Verlede week het Brian Jacobs ZS6YZ op Amateur Radio Today berig oor bakentegnologie en hoe dit vorder. Die klassieke baken is 'n gewysigde kommersiële radio, dieselfde as wat gebou is en in Bethlehem ontplooi is as die ZSØBET-baken. Hierdie baken is relatief goed koop om te bou, maar is nie sonder uitdagings nie en het natuurlik beperkte moontlikhede.

Hy het gesê dat dit nou duidelik is dat ons 'n Volgende Generasie Baken moet oorweeg wat nie digitaal of analoog is nie. Dit is beide, aangesien dit binne die gemengde modus-volgorde van een minuut 'n digitale PI4-sein uitstuur, dan 'n GG-sein en laastens 'n dragolf. Dit maak dan voorsiening vir die digitale entoesiaste en maak dit moontlik vir outomatiese ontvangs en dekodering. Die amateurs wat daarvan hou om na die baken te luister en dit per oor te dekodeer, sal die GG-boodskap hoor en daar sal 'n dragolf wees wat, as die regte hardeware gebruik word, frekwensie akkuraat sal wees en toelaat vir frekwensie-kontrole.

Brian werk aan 'n bloudruk wat bespreek sal word tydens die volgende SARL Bakengroep vergadering einde Augustus. Die groep vergader op die laaste Donderdag van die maand op Skype. Stuur 'n e-pos na vhfnews@sarl.org.za vir meer inligting oor die vergadering

DIE VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL HF FOON KOMPETISIE

Die kompetisie komitee het 34 logstate ontvang vir die SARL HF Foon kompetisie wat op Sondag 2 Augustus 2020 gehou is. Die logstate weerspieël dat 1 327 QSO's gedurende die middag gemaak is - 18 op 20 m, 657 op 40 m en 652 op 80 m. Daar is opgemerk dat sommige deelnemers nie die reëls gelees het voordat hulle hul logstate ingedien het nie.

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 149 punte

2de Andre le Roux, ZS2AL - 140 punte

3de Marinus Willemstijn, ZS6MAW - 104 punte

4de Barry Nugent, ZS2NF - 101 punte

Die hoogste telling op ’n enkele band was Jan Botha, ZS4JAN - 85 punte op 80 m

Die Klub Kompetisie

1ste PEARS - 412 punte

2de die Highway ARK - 262 punte

3de die Bo-Karoo ARK - 231 punte

Die volledige stel tellings is in HF Happenings 912 gepubliseer

QRP AANLYN KONVENSIE

Die GQRP Klub het ’n gedetailleerde agenda www.gqrp.com/convention.htm bekend gestel vir sy Aanlyn Konvensie 2020 wat op Saterdag 5 en Sondag 6 September gehou word. Die aanlyn-byeenkoms, wat die Klub se jaarlikse GQRP-byeenkoms op Telford vervang weens die huidige COVID-19-beperkings, is oop vir bestaande lede. ’n Spesiale tarief vir nie-lede sluit lidmaatskap van die GQRP Klub tot Januarie 2022 in.

DIE RUSLAND-OEKRAÏNSE ”RADIO OORLOG” EN HF RADARS IS DIE MEES GERAPPORTEERDE AMATEUR BAND INDRINGERS

Die ”radio oorlog” tussen Rusland en Oekraïne en die Russiese oor-die-horison radar (OTHR) ”Contayner” was gedurende Julie die gereeldste berigte indringers van die amateur bande, volgens die Internasionale Amateur Radio-unie Monitering stelsel. IARUMS het die voort durende uitsaai van radio oorlog uitsendings tussen die buurlande gekenmerk as ’spottend en uitlokkend’. Klandestiene stasies het verskyn op 7,055, 7,090 en 7,110 MHz. IARUMS het vasgestel dat die ernstige skadelike inmenging deur die Contayner Russiese OTHR van ’n plek oos van Moskou afkomstig is. Contayner OTHR seine is op verskillende frekwensies op 40, 20 en 15 meter gemonitor, met ’n tipiese besette bandbreedte van ongeveer 12 kHz.

”Soms het ons ook die 20 kHz breë OTHR van die Britse basis in Ciprus gevind, maar minder as in die vorige jare,” het IARUMS Region 1-koördineerder, Peter Jost, HB9CET, in die Julie-nuusbrief berig. ”As gevolg van ’n paar band openinge op 10 meter, het sommige van ons ook ’n aantal dryfnet vissery boeie gehoor. Die jongste IARU-R1 Monitering stelsel nuusbrief bevat verslae van Duitse radio amateurs oor die groot aantal vissery boeie wat op 10 meter werk, waar amateur radio primêr is.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar ’n enkele sonvlek met ’n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Die moontlikheid van enige sonfakkels is baie gering. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan ’n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsondergang

DX openinge op die 20, 30 en 40 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag - die SARL HF Digitale kompetisie

22 Augustus - AMSAT SA se Virtuele Ruimtesimposium en die AJV van die Namibiese Amateur Radioliga

22 en 23 Augustus - die Internasionale Vuurtoring en Ligskip naweek

30 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

5 Sept – die Wesrand snuffelmark

5 and 6 Sept – die Streek 1 ESB en RSGB ESB Velddag

7 Sept – Settlers Dag - 1820 Settlers arriveer 200 jaar gelede

12 en 13 Sept – die SARL Nasionale Veld Dag

15 Sept – die Highway ARK Klub Vergadering

16 Sept – Wêreld Osoon Dag en die SARL 80 m Woensdagaand Klub Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die doel van die SARL HF Kompetisies is dat deelnemers soveel as moontlik amateurs in Suider-Afrika op die 20, 40 en 80 m amateur bande kontak. Vanmiddag van 14:00 tot 17:00 UTC, jy kan deelneem aan die HF Digitale Kompetisie en enige HF digitale modus gebruik.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.